# TOON DAN dat julle HEILIG is

ds. dirk guelpa



# Toon dan dat julle Heilig is!

‘n Handleiding vir Bybelstudie uit

1 PETRUS

Opgestel deur

Ds. Dirk Guelpa

Verwerk vir DeoGloria Leeming deur

Anita Bredenkamp

# 1 PETRUS

Hierdie brief handel op ‘n besondere manier en, op ‘n besonder sterk manier, oor die heilige lewenswandel van die Christen. Dit praat met ander woorde oor die heiligmaking. Dit praat ook veral daaroor in die lig daarvan dat die Christen in ‘n wêreld lewe waar die sonde hoogty vier. Dit praat ook daaroor in die lig van die feit dat Christene ook vervolg word en moet ly as gevolg van die feit dat hulle heilig lewe.

Die Christen word opgeroep tot ‘n heilige lewenswandel op grond van die heerlike vooruitsig van die hemel en ook op grond van die feit dat Christus dit moontlik gemaak het.

Hierdie heilige lewenswandel moet gehandhaaf word en tot openbaring kom op elke lewensterrein waar die Christen beweeg en in elke verhouding waarin hy staan en in elke omstandigheid waarin hy verkeer.

**DIE INHOUD VAN HIERDIE BRIEF**

Wie het hierdie brief geskryf (1 Pet 1:1)? *Petrus, die apostel van Jesus Christus.*

Aan wie is hierdie brief geskryf (1 Pet 1:1)? Die Christene in Pontus, Galasië, Kapadosië, die provinsie Asië en Bitinië.

Wie was die skrywer se sekretaris met die skryf van die brief (1Pet 5:12)? *Silvanus, of soos hy in Handelinge bekend is, Silas.*

Uit watter stad is hierdie brief geskryf (1Pet 5:13)? *Uit Rome en dit is waarskynlik Babilon.*

Met watter doel is hierdie brief geskryf?

- *1 Pet 5:12(a): Om die Christene te vermaan oor hulle lewenswandel.*
- *1 Pet 5:12: Om te bevestig dat die evangelie wat hulle aangeneem het die ware verlossingsboodskap van God is.*

Oor watter sake word daar alles in hierdie brief geskryf?


| | | | Bl nr |
|---|---|---|---|
| 1 | 1 Pet 1:1-2 | Inleiding. | 3 |
| 2 | 1 Pet 1:3-12 | Blydskap van die Christen oor die wonderlike erfdeel wat vir hom/haar wag. | 4 |
| 3 | 1 Pet 1:13-22 | Kind van God, wees Heilig. | 7 |
| 4 | 1 Pet 1:23-25 | Kan n kind van God weer verlore gaan? | 10 |
| 5 | 1 Pet 1:1-3 | Kind van God, word geestelik groot. | 12 |
| 6 | 1 Pet 2:4-10 | Die tempel van God. | 14 |
| 7 | 1 Pet 2:11-12 | Hemelburgers in die wêreld. | 17 |
| 8 | 1 Pet 2:13-17 | Die Christen landsburger. | 19 |
| 9 | 1 Pet 2:18-20 | Die Christen werknemer. | 22 |
| 10 | 1 Pet 2:21-25 | Oorwinning oor verontregting. | 24 |
| 11 | 1 Pet 3:1-6 | Die Christenvrou. | 26 |
| 12 | 1 Pet 3:7 | Die Christenman. | 29 |
| 13 | 1 Pet 3:8-12 | Broederliefde en Naasteliefde. | 31 |
| 14 | 1 Pet 3:13-22 | Oorwinning oor lyding. | 33 |
| 15 | 1 Pet 4:1-7 | Die einde van ‘n lewe van sonde. | 35 |
| 16 | 1 Pet 4:8-11 | Die Christen in sy verhouding tot sy medegelowige. | 37 |
| 17 | 1 Pet 4:12-19 | Oorwinning oor vervolging. | 39 |
| 18 | 1 Pet 6:1-6 | Toesig oor die heiligmaking. | 41 |
| 19 | 1 Pet 5:7-9 | Tydelike nood en geestelike nood. | 43 |
| 20 | 1 Pet 5:10-14 | Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. | 44 |

## INLEIDING

Lees 1 Petrus 1: 1-2

Van die begin af is dit duidelik dat daar in hierdie brief gepraat word met "vreemde" mense en oor 'n "vreemde" lewe in 'n ou wêreld.  Hierdie nuwe lewe begin by God en dit eindig by God.  In hierdie eerste twee verse word die volgende vir ons verduidelik:

1. Die man wat hier skryf het gehoorsaam geword aan die Here Jesus Christus.
2. God die Vader skenk aan ons en bedoel vir ons hierdie nuwe lewe – die lewe van heiligheid.
3. Die Here Jesus het deur Sy dood en opstanding hierdie lewe van heiligmaking vir ons moontlik gemaak.
4. Die Heilige Gees maak hierdie verlossing van die mag van die sonde en die gehoorsaamheid aan die Here Jesus 'n werklikheid in ons lewens.
5. Dit is nou *in* gehoorsaamheid *aan* die Here Jesus dat Petrus hierdie Woord oor die gehoorsaamheid aan die Here Jesus skryf.

**BLYDSKAP VAN DIE CHRISTEN OOR DIE WONDERLIKE ERFDEEL WAT VIR HOM WAG: 1 PETRUS 1:3-12**

In vers 4 word gesê dat daar vir elke Christen ‘n besondere erfenis of erflating in die hemel wag. Om ‘n erfgenaam van God te wees, moet ‘n mens ‘n kind van God wees. (1Pet 1:14 & 17). Trouens dit is tog kinders wat erf. Voordat ‘n mens egter ‘n kind van God kan word, moet daar eers ‘n geboorte plaasvind – dit is tog in die natuurlike lewe ook so. Hierdie geboorte waardeur ‘n mens die kind van God word, word die wedergeboorte genoem (vers 3). Die Christen weet van hierdie heerlike erfenis wat vir hom wag omdat dit vir hom in die Testament van die Here beskrywe is (vers 4-5). As n mens nou nadink oor die volgende woorde en gedagtes, dan verstaan ‘n mens hoe wonderlik is die erfdeel van die Christen:

| | |
|---|---|
| 1 Petrus 1:4 | |
| 1 Petrus 1:4 | |
| 1 Petrus 1:4 | |
| 1 Petrus 1:12 | |

Die vraag is nou egter: Kan ek nie miskien op een of ander manier hierdie erfenis misloop nie? Is die Christen seker dat hy wel daardie erfenis ontvang? Die Bybel sê daar is nie die geringste twyfel daaroor nie. Die Bybel sê ook hoe seker die Christen is en hoekom hy so seker kan wees dat hy wel die erfenis sal ontvang, naamlik omdat:

| | |
|---|---|
| 1 Petrus 1:4 | |
| 1 Petrus 1:5 | |

Omdat die Christen weet dat hy hierdie heerlike erfdeel gaan ontvang en omdat hy dit so seker weet, bring dit in hom ‘n bepaalde gesindheid. Wat is daardie gesindheid?

| | |
|---|---|
| 1 Petrus 1: 6(a) | |

Wat is die doel van beproewings in die lewe van die Christen?

| | |
|---|---|
| 1 Petrus 1:7 | |
| 1 Petrus 1:7 | |

Die verhouding van die Christen met die Here Jesus is ‘n baie intieme en ‘n volkome verhouding. Watter gesindheid is daar in die Christen teenoor die Here Jesus?

| | |
|---|---|
| 1 Petrus 1:8 | |
| 1 Petrus 1:8 | |
| 1 Petrus 1:8 | |

Wat is die betekenis van die vergelyking tussen die geloof en goud en die beproewings van die geloof en die loutering van goud?

| | |
|---|---|
| 1 Petrus 1:6-7 | |

‘n Ander woord wat gebruik word wat dieselfde as “erfdeel” beteken, is die woord “saligheid” (vers 5 & 9). Nou leer die Bybel hier nog twee dinge i.v.m. hierdie saligheid. Die Christen verdien nie hierdie saligheid nie en kan dit nooit self verwerf nie. Dit lei tot twee vrae: In die eerste plek: Op grond waarvan kan die mens hierdie wonderlike saligheid verkry? En in die tweede plek: Langs watter weg kan die mens hierdie saligheid kry? Wat sê die bybel hieroor? Die Bybel leer dat die mense hierdie saligheid verkry op grond van en dat dit vir hom moontlik geword het as gevolg van die volgende dinge:

| | |
|---|---|
| 1 Petrus 1:3(a) | |
| 1 Petrus 1:3(c ) | |

Nou sê die Bybel egter ook baie duidelik dat al kom hierdie saligheid alleen van God af en al kom dit alleen deur Sy volmaakte werk, tog is dit nie vanselfsprekend die deel van elke mens nie. Met ander woorde, ‘n mens word nie sommer outomaties salig nie. Nee, dit raak ook die mens wat salig word se lewe. Hierdie saligheid word lang ‘n bepaalde weg die deel van ‘n mens. Daardie weg word soms die *Heilsweg* of *Heilsorde* genoem. Hierdie weg waarlangs die mens die saligheid in besit kry, is dan soos volg:

| | |
|---|---|
| 1 Petrus 1:2(a) | |
| 1 Petrus 1:3(b) | |
| 1 Petrus 1:5,9 | |

Die Bybel leer m.a.w. dat die redding van die mens begin in die hemel by God met die uitverkiesing. Dit loop deur die hart en die lewe van die mens hier op aarde op grond van die werk van die Here Jesus en deur die werk van die heilige Gees langs die weg van wedergeboorte, geloof, bekering, regverdigmaking en die heiliging van die mens se lewe. Dit eindig in die hemel by God met die verheerliking wanneer die Christen die volle saligheid beërwe.

Daar is n opvallende ooreenkoms tussen die predikers van die Ou Testament wat vertel het dat Jesus *gaan kom* en die predikers van die Nuwe Testament wat vertel het dat Jesus *gekom het*. Dit is:

| | |
|---|---|
| 1 Petrus 1:10-12 | |

**Is jy ook seker dat hierdie wonderlike saligheid vir jou wag? M.A.W, Weet jy dat jy hemel toe gaan?**

| |
|---|
| |

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

| |
|---|
| |

**KIND VAN GOD, WEES HEILIG.**

**1 PETRUS 1:13-22**

Die heerlike en wonderlike erfenis wat vir die Christen wag, is nou duidelik beskryf. Nou word die Christen opgeroep om helder van verstand en oordeel te wees en te bly. Hy moet hierdie heerlike toekoms wat vir hom wag, in die regte perspektief sien. Daarom moet hy hierdie aardse lewe en wat dit kan bied ook in die regte perspektief sien. Hy moet dit altyd opweeg teenoor die hemel en wat daar vir hom wag. Die Christen is op pad na die hemel – sy lewe moet dit wys. Hy is ‘n kind van God – hy moet leef soos ‘n kind van God. Omdat die Christen iemand is wat sy rykdom en sy vreugde in die hemel gevind het, moet hy leef soos iemand wat hom in die hemelse dinge verlustig en nie in die wêreldse nie en soos iemand vir wie die dinge van die hemel belangriker is as die dinge van die wêreld. Daarom word die Christen vermaan om homself met sy hele hart en sy denke en sy hele lewe in te stel op die genade wat God vir Hom beloof het en wat nou reeds sy deel is. Die Christen is ‘n hemelburger en in daardie sin ‘n “vreemdeling” hier op aarde (1 Pet 1:1,17).

Watter betekenis of invloed het hierdie waarheid, of moet hierdie waarheid op sy lewe hê?

Watter invloed het die feit dat daar tussen God en die Christen ‘n Vader-kind verhouding is (1 Pet 1:14-17) op die lewenswandel van die Christen?

In 1 Petrus 1:14 kry die Christen ‘n aanduiding van wat bedoel word met ‘n heilige lewenswandel of heiligmaking. Dit is:

As n Christen die woorde in 1 Pet 1:15 “*Hele lewenswandel*” in sy eie woorde verduidelik, dan verstaan hy ‘n besonder belangrike waarheid i.v.m. die heiligmaking. Hierdie woorde beteken:

Die heiligmaking is vir elke Christen belangrik. Geen Christen mag daaroor onverskillig staan nie. Dit is ook nie n willekeurige saak waaroor elke Christen kan besluit of dit vir hom belangrik is of nie. Die Bybel gee hier 'n paar baie belangrike redes aan waarom die heiligmaking vir elke Christen so 'n uiters belangrike saak is wat hy met sy hele lewe moet nastreef. By die ernstige besinning van die volgende verse kan onder andere die volgende redes onderskei word:

| | |
|---|---|
| 1 Pet 1:15 | |
| 1 Pet 1:16 | |
| 1 Pet 1:15-16 | |
| 1 Pet 1:17 | |
| 1 Pet 1:18(a) | |
| 1 Pet 1:18(b)-19 | |

In 1 Pet 1:22( c ) word op 'n wesenlike en onmisbare eienskap van die heiligmaking gewys – trouens, dit is die belangrikste. Dit is nl:

| |
|---|
| |

In hierdie selfde vers word twee baie belangrike dele of aspekte van die proses van heiligmaking genoem. M.a.w. hier word gewys op *twee maniere* waarop of waarlangs die Christen tot heiligmaking kom. Dit is die volgende:

| | |
|---|---|
| 1 Pet 1:22(a) | |
| 1 Pet 1:22(b) | |

Hierdie gedeelte leer baie onomwonde dat die heiligmaking die verantwoordelikheid van die Christen is (1 Pet 1:22).

**Het heiligmaking al vir jou belangrik geword?**

**Waarvan kan jy getuig wat die Here al in jou lewe kom doen het en vir jou kom leer het i.v.m. heiligmaking?**

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

**KAN 'N KIND VAN GOD WEER VERLORE GAAN?**

**1 PETRUS 1:23-25**

Die Bybel het reeds geleer dat 'n mens 'n kind van God moet wees ten einde die hemelse erfenis te kan verkry en om 'n kind van God te kan wees, is die wedergeboorte noodsaaklik. Die vraag is nou:

Wat leer die Bybel in 1 Pet 1:23 & 25 i.v.m. die middel waardeur en die manier waarop die wedergeboorte bewerk word?

| |
|---|
| |

Die vooruitsig van die hemelse erfenis is wonderlik, maar die vreugde word soms gedemp deur die lastige twyfelvraag: Kan 'n kind van God weer verlore gaan? En Kan die nuwe lewe wat deur die wedergeboorte in 'n mens gekom het weer tot niet gaan? Die Antwoord hierop in 1 Petrus 1:23 is duidelik en daar is veral twee word wat alle twyfel wegneem.

| |
|---|
| 1 Petrus 1:23 |

Vergelyk ook nou weer die Bybelstudie by 1 Pet 1:4-5. Watter waarhede het die Bybel daar geleer i.v.m. die vraag of 'n kind van God weer verlore kan gaan?

| |
|---|
| 1 Petrus 1:4-5 |

In 1 Pet 1:24 word gepraat oor die mens se lewe hier op aarde en die aansien van die mens hier op aarde. In hierdie en die volgende vers word die antwoord gegee op die vraag: Wat is die belangrikste? Dat ek 'n groot skat op aarde kry of die erfenis in die hemel? Dat ek in aansien is by die mense of deur God geëer word?

| |
|---|
| 1 Petrus 1:24 |

‘n Belangrike vraag wat Christene onder mekaar moet bespreek en waaroor hulle duidelikheid moet kry, is:

Hoekom twyfel ‘n Christen soms of hy gered is en of hy hemel toe gaan?  Watter dinge laat hom twyfel?

**Is jy nog seker van jou kindskap en dat jy hemel toe gaan?**

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

**KIND VAN GOD, WORD GEESTELIK GROOT!**

**1 Petrus 2:1-3**

Dit het reeds duidelik geword dat die mens langs die weg van wedergeboorte en geloof ‘n kind van God word. Nou kom leer die Bybel ook verder dat die Here graag wil hê dat sy kinders geestelik moet groei en ook groot word. *Geestelike groei* en *heiligmaking* is twee begrippe wat dieselfde beteken. Die Bybel kom leer hier dat geestelike groei in die lewe van ‘n kind van God net so normaal is as wat die natuurlike groei in ‘n mens se lewe is.

Andersom is dit ook waar: die Bybel kom leer hier dat die *gebrek* aan geestelike groei in die lewe van die kind van God net so abnormaal en net so ‘n ontstellende saak is soos wanneer ‘n kind verstandelik of fisiek nie normaal ontwikkel nie.

Nou leer die Bybel nie net dat geestelike groei belangrik is nie, maar dit wys ook die manier waardeur gegroei moet word:

| 1 Pet 2:2 |
|---|
| |

Deur die beeld in vers 2 wys die Bybel op ‘n hele aantal baie belangrike waarhede i.v.m. die Christen se groei:

Wanneer ‘n mens na die natuurlik lewe kyk en sekere tipiese dinge van ‘n kind vergelyk met wat jy daarteenoor by ‘n grootmens vind, dan help dit ‘n mens om ook in die geestelike lewe te kan onderskei watter dinge jy by iemand aantref wat nog geestelik onvolwasse is en daarteenoor iemand wat al geestelik baie gevorder het. Dit is:

In 1 Pet 2:3 word gepraat van mense wat reeds deel gekry het aan die Here. Anders gestel: dit is mense wat in gemeenskap met die Here lewe. As ‘n mens nog nie die heerlike gemeenskap met die Here ken nie, sal ‘n mens ook nog nie ‘n *smaak* vir die Woord van die Here ontwikkel het nie.

In 1 Pet 2:1 word enkele kenmerke van geestelike *onvolwassenheid* genoem; dit is tegelykertyd ook dinge wat die geestelike groei verhinder of skaad. Waar is *geveinsdheid* ‘n teken van geestelike onvolwassenheid?

Waarom is *kwaadpratery* so skadelik vir ‘n Christen se geestelike lewe en sy geestelike groei?

Onthou, ‘n mens kan al geestelik baie gevorder het en dan nog met kenmerke van onvolwassenheid in jou lewe sit.

**Watter dinge in jou lewe is vir jou ‘n aanduiding dat jy besig is om geestelik te groei?**

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

**DIE TEMPEL VAN GOD**

**1 Petrus 2:4-10**

In 1 Pet 2:4 word die oproep gedoen om na Jesus te kom met jou hele lewe en alleen op Hom te vertrou en om buite Hom niks te begeer nie, asook jou denke en lewe te laat rig volgens Sy wil. In vers 6 word die belofte gegee dat elkeen wat homself aan die Here Jesus oorgee en op Hom vertrou, nooit in die steek gelaat sal word nie en ook nooit in Hom of deur Hom teleurgestel sal word nie. In vers 7 leer die Bybel dat dieselfde "Steen", Jesus Christus, vir twee mense totaal verskillende betekenis kan hê. Vir die gelowige is Hy die Hoeksteen van 'n nuwe, Godvererende lewe. Vir die ongelowige is Hy die Struikelblok waaroor hy die ewige verderf instort.

Verse 7 en 8 leer dat ongeloof inderwaarheid ongehoorsaamheid is aan die Woord van God. Omgekeerd is dit ook waar: ongehoorsaamheid aan die Woord is in werklikheid ongeloof in God. Onthou, dit is ook in die Christen se lewe waar. Hierdie verse leer ook dat vir diegene wat in die Here Jesus glo en aan Sy Woord gehoorsaam is, is Hy en daarom ook Sy wil, kosbaar en 'n verlustiging. Daarteenoor is Hy en Sy wil vir diegene wat Hom nie ten volle wil vertrou nie en Hom nie wil gehoorsaam nie, 'n hindernis en is sy wil nie vir hulle aanvaarbaar nie. Daar word nou verder in hierdie verse beelde gebruik van die lewe van die Christen om hom meer te leer oor die geestelike lewe en die heilige karakter daarvan.

Dink nou ernstig na oor die betekenis van hierdie beelde vir die Christen se lewe en skryf dit neer:

1. 'n Steen wat inpas in 'n gebou – 1 Pet 2:5

| |
|---|
| |

2. Die Christen is 'n tempel van God (geestelike huis) – 1 Pet 2:5

| |
|---|
| |

3. Die Christen is 'n priester vir God – 1 Pet 2:5

| |
|---|
| |

4. Die Christen is deel van die uitverkore volk van God in hierdie wêreld – 1 Pet 2:9

5. Die Christen is ‘n koning van God – 1 Pet 2:9

6. Die Christen is deel van die heilige volk van God = 1 Pet 2:9

7. Die Christen is die eiendom van God – 1 Pet 2:9

8. Die Christen is ‘n profeet van God – 1 Pet 2:9

1 Petrus 2:5 leer dat die Christen ‘n priester is wat geestelike offers – offers wat vir God welgevallig is – aan die Here bring. Wat leer dit vir ons t.o.v. die heilige lewenswandel en geestelike lewe van die Christen as ‘n mens dit met die priesterwerk en die offer in die Ou Testament vergelyk?

Die laaste sinsnede van vers 9 en oor vers 10 leer die drieledige toestand waaruit God die mens red.  Lys dit hier onder:

Die Bybel leer hier dat dit mense is van wie se lewens die Here Jesus die Hoeksteen geword het wat die gang en die rigting en die patroon van hulle lewens bepaal; mense wat ontdek het dat die Here Jesus hulle juis van die wêreld se begeertes en sy houvas verlos het; mense wat as konings oor die sonde heers en mense in wie se lewens die Here die besitreg verkry het, dat dit juis sodanige mense is wat kan vertel van die volmaakte genade en volmaakte verlossingswerk van die Here.  Juis sodanige mense kan daarvan vertel, want juis sodanige mense se lewens is ‘n getuienis van God se genade en Sy vomaakte verlossingswerk.

**Watter een van bogenoemde waarhede het nog die *meeste* in jou lewe ‘n werklikheid geword?**

**Watter een van bogenoemde waarhede het nog die *minste* in jou lewe ‘n werklikheid geword?**

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

**HEMELBURGERS IN DIE WÊRELD**

**1 Petrus 2:11-12**

Hier word twee waarhede beklemtoon:

Eerstens: die Christen is nie *van* hierdie wêreld nie, maar hy is tog nog *in* hierdie wêreld.

Tweedens: die Christen is nog *in* hierdie wêreld, maar tog nie *van* hierdie wêreld nie.

In hierdie gedeelte sien ons dat die Bybel baie duidelik daarmee rekening hou dat die Christen nog nie in die hemel woon nie. Die Bybel hou rekening met die werklikheid van hierdie lewe en met die werklikheid van die verskillende verhoudings waarin die Christen nog in hierdie wêreld lewe. Die Bybel hou ook rekening met die werklilke situasies waarin die Christen nog in hierdie wêreld verkeer. Dit maak egter die eis tot *heiligmaking* van die hele lewe soveel meer betekenisvol en soveel meer ernstig.

Heiligmaking is nie iets wat alleen maar bestaan t.o.v. ‘n bepaalde deel van ‘n mens se lewe nie. Nee, dit raak elke terrein van ‘n mens se lewe. Heiligmaking is ook nie iets wat ter sprake is in situasies en op terreine waar dit maklik is en waar dit nie veel eise stel nie. Nee, heiligmaking raak juis ook daardie situasies waar dit moeilik is en waar dit iets kos. Die toets vir my heiligmaking is juis of ek dit ten alle koste najaag.

Hier volg nou eers ‘n algemene vermaning en oproep om in hierdie wêreld Heilig te lewe. Daarna word afsonderlike verhoudings en situasies waarin die Christen verkeer en mag verkeer, pertinent genoem.

Wat word hier bedoel met “vleeslike begeertes”(1 Pet 2:11)?

| |
|---|
| |

Wat leer hierdie vers oor waarom die Christen nie aan sulke begeertes moet toegee nie?

| |
|---|
| |

Waarom is hierdie vleeslike begeertes gevaarlik en skadellik vir ‘n Christen se geestelike lewe?

| |
|---|
| |

Wat is die betekenis van die volgende gedagtes in 1 Pet 2:12?

| | |
|---|---|
| Gedra julle | |
| Altyd goed | |
| Onder die heidene | |
| Sodat, al praat hulle kwaad van julle | |
| Asof julle misdadigers is | |
| ....julle voorbeeldige lewe | |
| Hulle... kan sien | |
| God kan verheerlik | |
| Op die dag van afrekening | |

**Is jou leefwyse so dat mense kan sien dat jy ‘n hemelburger is en nie ‘n wêreldling nie?**

| |
|---|
| |

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

| |
|---|
| |

**DIE CHRISTEN-LANDSBURGER**

**1 Petrus 2:13-17**

Een van die hoedanighede waarin die Christen in hierdie wêreld leef, is as landsburger. Hy staan dus ook in ‘n verhouding tot die landsowerheid. Die Bybel leer dat sy Christenwees ook in hierdie vehouding na vore moet tree. Hy moet m.a.w. ‘n *Christen landsburger* wees.

Die Christen se Christenskap bepaal en beinvloed m.a.w. ook sy houding en optrede as ‘n landsburger. Die Bybel roep die Christen daartoe op dat ook sy verhouding tot die landsowerheid geheilig sal word en wees. ‘n Mens moet ook in ‘n persoon se houding en optrede teenoor die owerheid en die land kan sien dat hy/sy ‘n Christen is.

Nog meer: ‘n Christen se verhouding met die owerheid en met sy land moet nie sodanig wees dat dit die vyande van die Here Jesus die geleentheid gee om ‘n vinger na die Christendom te wys nie.

Die eerste vraag waaroor duidelikheid gekry moet word is: Moet ‘n Christen die landsowerheid en ander ondergeskikte owerhede wat oor hom gestel is, erken (verwys na 1 Pet 2:13,17)?

| |
|---|
| |

Moet die Christen ‘n owerheid erken wat onchristelik is (verwys ook na 1 Pet 2:13,17)?

| |
|---|
| |

Wat leer die Bybel in die volgende verse oor wat die Christen se gesindheid en optrede teenoor die landsowerheid en ander wat oor hom gestel is, moet wees?

| | |
|---|---|
| 1 Pet 2:13 | |
| 1 Pet 2:17 | |

Wat leer die Bybel ons oor die redes hoekom ons so ‘n gesindheid teenoor die owerheid moet hê?

| | |
|---|---|
| 1 Pet 2:13 | |

| | |
|---|---|
| 1 Pet 2:15 | |
| 1 Pet 2:17 | |

Die Bybel beskryf ook die taak wat die Here aan die owerheid en ander persone wat gesag uitoefen opgedra het. Wat leer hierdie verse ons hiervan?

| | |
|---|---|
| 1 Pet 2:14(a) | |
| 1 Pet 2:14(b) | |

In 1 Pet 2:14 leer die Bybel duidelik dat die landsowerheid ook 'n taak het om mee te werk aan die heiliging van mense se lewens en die bevordering van die wil van God in hierdie wêreld. Hoe kan die optrede van die landsowerheid prakties meehelp om bogenoemde doel te bereik?

| |
|---|
| |

Uit hierdie Skrifgedeelte kry ons ook duidelikheid oor die vraag: Moet die landsowerheid, of ook enige ander ondergeskikgte owerheid, hom deur die wil van die volk laat lei of laat voorskryf of 'n bepaalde saak verkeerd is of nie. Wat is die antwoord?

| |
|---|
| |

Hierdie gedeelte help die Christen ook om duidelikheid te kry oor die vraag: Is dit sonde teenoor die Here om 'n landswet te oortree? Wat is jou Antwoord?

| |
|---|
| |

Gestel ‘n landsowerheid sou ‘n wet maak wat direk indruis teen iets wat die Here direk verbied of gebied het – wat is dan die posisie van die Christen? Wat moet hy/sy doen?

**Gehoorsaam jy die verkeersreëls uit gehoorsaamheid aan die Here en vanuit Christelike oortuigings – of doen jy dit ter will van die moontlike boete?**

**Wat wil jy vandag bid?**

**DIE CHRISTENWERKNEMER**

**1 Petrus 2:18-20**

Nog ‘n verhouding waarin die Christen in hierdie wêreld lewe, is sy *arbeidsverhouding*. Die Christen is ook ‘n werknemer en staan in ‘n bepaalde verhouding tot sy werkgewer. Die Bybel leer dat God ook in hierdie verhouding verheerlik wil word. Daarom stel Hy ook aan hierdie verhouding die eis: “Wees Heilig!” Ook in die Christen se optrede as werknemer moet dit duielik blyk dat hy ‘n Christen is. Wat is die een groot eis wat die Bybel aan die werknemer stel?

| | |
|---|---|
| 1 Pet 2:18 | |

Die Bybel gee hier ook duidelikheid oor wat die *Christen werknemer* te doen staan wanneer hy ‘n onbillike en onregverdige *wergewer* het. Wat moet hy doen?

| |
|---|
| |

Die eis dat die gehoorsaamheid van die Christen met die nodige ontstag moet geskied, wys daarop hoe pragtig volmaak die Here ‘n mens se lewe nuut kom maak. Dit wys daarop dat die onderdanigheid aan n werkgewer nie alleen met uiterlike optrede mag wees nie, maar dat dit ook gepaard moet gaan met ‘n innerlike gesindheid van eerbied.

Wat is jou indruk van Christene se verhouding met hul werkgewers t.o.v. getrouheid in die werk en t.o.v. innerlike gesindheid teenoor die werkgewer?

| |
|---|
| |

Die mens – dikwels ook Christene – redeneer soos volg: As ek oortree het, sal ek my straf dra en as ek gefouteer het, aanvaar ek as ek gepenaliseer word daarvoor. MAAR as ek niks verkeerd gedoen het nie en veral as ek ‘n goeie ding gedoen het, dan sal ek dit nie duld dat ek daaroor gestraf of benadeel word nie.

Die Here dink anders oor dinge.

Wat leer 1 Pet 2:19-20 ons van hoe die Here dink oor en doen teenoor ‘n Christen werknemer wat onregverdiglik benadeel word en dan tog nog in stilte hom onderwerp aan sy werkgewer?

Wat leer hierdie 2 verse ons oor die vraag: Wat moet ek as Christen doen as my werkgewer iets van my in my werk verwag wat direk in stryd is met die wil van God?

Die Christen werknemers aan wie hierdie brief oorspronklik gerig was, is dikwels geslaan sodra hulle die Here Jesus aangeneem het as hulle Verlosser en Saligmaker.  Hulle is ook geslaan as hulle ter wille van hulle gewete aan God meer gehoorsaam was as aan bepaalde sondige eise van hulle werkgewers.  Op watter maniere word daar vandag van Christen werknemers verwag om die wil van God te oortree ter will van hulle werk?

Op watter manier word Christen werknemers vandag benadeel of gepenaliseer as hulle verkies om aan God meer gehoorsaam te wees en daarom weier om aan bepaalde opdragte of eise of verwagtings van hulle werkgewers toe te gee?

**Weet die mense by jou werk dat jy 'n Christen is?  Kan hulle dit ook aan jou lewe en jou werk sien?**

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

## OORWINNING OOR VERONTREGTING

### 1 Petrus 2:21-25

In die vorige drie verse is die saak van verontregting wat die Christen as gevolg van sy Christenskap en sy heilige lewenswandel moet verduur, aangeroer. Daar het dit reeds geblyk dat dit God behaag wanneer 'n Christen hom onderwerp aan verontregting. Dit het ook geblyk dat God die nodige genade daartoe gee en dat hy so iemand ook weer in 'n ryke mate met Sy genade vervul.

Nou is die vraag: Hoe kry 'n Christen dit reg om hom te onderwerp aan verontregting? M.a.w. hoe oorwin hy oor verontregting?

1 Petrus 2:21 verwys na 'n bepaalde roeping wat elke Christen het. Van watter roeping word hier gepraat (verwys ook na verse 19 & 20 vir meer duidelikheid)?

In 1 Petrus 2:21word daar na ten minste twee manière verwys waarop die Christen daarin kan slaag om hom te onderwerp aan verontregting. Noem die 2 maniere:

Wat maak die oorwinning van die Here Jesus oor verontregting so volmaak en vir die Christen so navolgenswaardig (1 Pet 2:22)?

In 1 Pet 2:23 word die vleeslike weg aangedui waarop 'n Christen kan optree wanneer hy veronreg word. Wat is die vleeslike weg?

Hoekom is hierdie weg die vleeslike weg?

In 1 Pet 2:23 word daar ook vir die Christen die geestelike weg aangedui wat hy moet gaan

wanneer hy veronreg word. Wat is die geestelike weg?

Waarom is hierdie weg die geestelike weg?

In 1 Petrus 2:24 word daar drie dinge genoem wat vir die mens moontlik geword het as gevolg van die kruisoffer van die Here Jesus, waar Hy die mens se sondes in sy liggaam gedra het. Wat is die drie dinge?

As ‘n mens hierdie waarhede van vers 24 weer in sy verband tot die probleem van verontregting sien, dan verstaan ‘n mens die volgende:

Christus se onderwerping aan die verontregting aan die kruis het dit vir die Christen moontlik gemaak om te midde van verontregting vry te bly van sonde en die geestelike weg te bewandel. Dit is die weg van heiligheid. Dit leer ook dat die wonde wat die Christen opdoen as gevolg van verontregting, genees word deur die wonde van die Here Jesus aan die kruis. Die gemeenskap met die Here Jesus maak hierdie dinge in die Christen se lewe ‘n werklikheid. Volgens 1 Petrus 2:25 sien die Bybel die onbekeerde mens as iemand wat verdwaal geraak het, wat verwond is deur die sonde en in gevaar is sonder dat daar iemand is om hom te beskerm en te bewaar. Die gelowige daarenteen is iemand wat deel geword het van die kudde van die Here. Hy geniet die versorging en die volheid en die bewaring van die Goeie Herder – ook in sy geestelike lewe.

**Hoe tree jy op as jy veronreg word?**

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

## DIE CHRISTENVROU

**1 Petrus 3:1-6**

Die Christen is per slot van sake ook tog 'n man of 'n vrou. Nou leer die Bybel dat die man, Christenman en dat die vrou, Christenvrou moet wees. Verder nog: die Christenman en die Christenvrou is betrokke in 'n huweliksverhouding as 'n huweliksmaat en daar moet hy en sy 'n Christen huweliksmaat wees. Dit geld ook al sou die een met wie hy of sy getroud is, 'n ongelowige wees. Tot die Christenman en Christenvrou kom die opdrag: "Wees Heilig".

Wat is die een groot eis wat die Here aan die vrou in haar vehouding tot haar man stel (1 Pet 3:1)? Wat beteken dit?

| |
|---|
| |

Wat is die waarde van 'n Godvresende voorbeeldige lewe van 'n Christenvrou in die huwelik (1 Pet 2:1-2)?

| |
|---|
| |

Watter bemoediging en belofte is in hierdie twee verse vir 'n vrou wat 'n man het wat nog onverskillig staan teenoor die Here Jesus of onverskillig staan teenoor die Here se standaard van heiligheid?

| |
|---|
| Bemoediging: |
| Belofte: |

Waarom is die voorbeeld van die Christen se lewe so 'n belangrike saak vir die bereiking van andere vir Christus en vir Sy wil?

| |
|---|
| |

Hoe moet 'n Christenman of Christenvrou optree teenoor sy of haar lewensmaat wat nog nie die Here Jesus ken nie of nog onverskillig is oor Sy wil, ten einde die maat te bereik?

Moet ‘n mens voortdurend praat of moet ‘n mens glad nie praat nie? Hoe moet ‘n mens maak?

| |
|---|
| |

In 1 Pet 3: 3 & 4 word daarvan twee soorte versierings gepraat. Vers 3 gee die soort versiering wat die Christen nie betaam nie, terwyl vers 4 praat van die soort versiering wat by die Christen wat heiligmaking najaag, gesoek word. Wanneer ‘n mens nou die twee tekste teenoor mekaar stel en ook na elke woord kyk, dan vind ‘n mens talle dinge waarin hierdie twee soorte versierings teenoor mekaar staan.

| Wat is vir God aanvaarbaar? | Wat is vir die wêreld aanvaarbaar? |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

Is dit regtig prakties moontlik vir ‘n vrou om hierdie standard in haar verhouding tot haar man en in haar versiering te handhaaf (1 Pet 3:5-6)?

| |
|---|
| |

Beteken die beginsels van vers 3 & 4 dat dit nie saak maak of ‘n Christenvrou netjies en versorg is op haar persoon en haar uiterlike nie?

| |
|---|
| |

**Heers jy oor jou man? Respekteer jy jou man as hoof van die huis? Gehoorsaam jy hom?**

| |
|---|
| |

**Versier jy jou vir God of vir die wêreld? Hoe versier jy jou?**

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

## DIE CHRISTENMAN

**1 Petrus 3:7**

Die opdrag aan die man om ook in sy verhouding met sy vrou Heilig te wees, hang enersyds saam met die eie aard van die vrou en andersyds met die aard van die verhouding of posisie waarin die vrou tot die man staan.

Watter twee eise stel 1 Pet 3:7 aan die man t.o.v. sy verhouding met sy vrou?

| |
|---|
| |

Hoe moet ons hierdie twee eise verstaan?

| |
|---|
| |

Op grond waarvan word die Christenman opgeroep om hierdie spesifieke optrede en hierdie spesifieke gesindheid teenoor sy vrou te handhaaf?

| |
|---|

Waarvoor is hierdie verhouding van die Christenman tot sy vrou ‘n vereiste volgens hierdie vers?

| |
|---|

Hoekom het ‘n verkeerde verhouding van ‘n Christenman tot sy vrou so ‘n sterk invloed op sy gebedslewe en op gebedsverhoring? Vergelyk ook Maleagi 2:13-16.

| |
|---|

**Verhinder jou verhouding met jou vrou jou gebedslewe op enige manier?**

**Is jou optrede en gesindheid teenoor jou vrou gebaseer op 'n begrip van die eie aard wat die Here aan haar gegee het?**

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

**BROEDERLIEFDE EN NAASTELIEFDE**

**1 Petrus 3:8-11**

In vers 8 leer die Here ons 5 dinge in ons onderlinge verhouding as gelowiges. Noem die 5 dinge en verduidelik wat dit elkeen beteken en hoe dit in die “elke-dagse-lewe” tot openbaring behoort te kom:

| **Lys van eienskappe van onderlinge verhouding:** | **Betekenis en toepassing :** |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

In vers 9 vind ons twee moontlikhede waarvolgens ons kan optree wanneer mense ons kwaad aandoen of ons beledig – die vleeslike of die geestelike weg

Wat is die *vleeslike* weg?

| |
|---|
| |

Wat is die *geestelike* weg, wat die Here behaag?

| |
|---|
| |

Wat sou dit beteken om iemand anders te *seën*?

| |
|---|
| |

Verse 10 en 11 wys die Christen weer op vyf dinge wat die weg aanwys vir 'n werklik gelukkige lewe. Lys hierdie 5 dinge en probeer verduidelik wat dit werklik beteken:

| **Lys van dinge wat weg aanwys vir 'n gelukkige lewe:** | **Betekenis en toepassing :** |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

In vers 12 het die Christen twee pragtige beloftes van die Here waarop hy kan reken. Die eerste raak sy daaglikse lewe en die tweede raak sy gebedslede. Wat is hierdie beloftes?

| | |
|---|---|
| Belofte vir daaglikse lewe: | |
| Belofte vir gebedslewe: | |

**Het jy jou vyande lief?**

| |
|---|
| |

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

| |
|---|
| |

## OORWINNING OOR LYDING

### 1 Petrus 3:13-22

Dit gebeur dat die Christen lyding ondergaan as gevolg van die feit dat hy daarna soek om volgens die wil van God te lewe. Lyding is vir die Christen egter nie ‘n bron van droefheid nie. Dit is so omdat lyding vir elke Christen waarde het. Die waarde wat dit het, word vir ons duidelik wanneer ons na die lewe van Christus kyk.

As ons vers 18 en 22 met mekaar vergelyk, dan verstaan ons wat die waarde van lyding vir die Christen is. Dit is:

Hoe werk dit dat lyding ‘n Christen o.a. tot groter *oorwinning* en heerskappy is sy geestelike lewe bring?

Lyding kan die Christen bang maak of afskrik volgens vers 14(b). Die oplossing daarvoor is egter dat die Christen nie in die grootheid van sy lyding en in sy kastyders vaskyk nie, maar dat hy die oog sal vestig op Jesus. Hoekom?

Die wete dat Jesus soveel lyding ter wille van my verdra het, gee vir my moed as ek moet ly ter wille van Hom.

**Moes jy al ter wille van die Here Jesus ly? Wanneer en hoe?**

**Sal jy bereid wees om vir die Here Jesus te ly? Hoekom?**

| |
|---|
| |

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

| |
|---|
| |

**DIE EINDE VAN 'N LEWE VAN SONDE**

**1 Petrus 4:1-7**

Petrus sê dat die Christen gewikkel is in 'n stryd teen die sonde. In hierdie stryd moet hy *gewapen* wees. Sonder daardie wapen is hy weerloos teen die sonde en sal hy verloor. Met daardie wapen kan hy die stryd teen die sonde wen.

En wat is daardie wapen? Die wapen is 'n *bepaalde waarheid*. Dit is 'n bepaalde waarheid wat hy altyd in gedagte moet hou, wat hy moet onthou en waaruit hy moet lewe. M.a.w. hy moet nie net die wapen hê nie, maar hy moet dit ook *gebruik*.

En wat is nou daardie waarheid waarmee hy hom moet bewapen? Dit is die gedagte wat Christus gehad het toe Hy vir ons sondes gesterf het. En wat is dit? Toe Hy vir ons sondes gesterf het, het Hy geweet en in gedagte gehou en dit daarom ook met die gedagte gedoen dat, omdat Hy sterf en ly na die vlees, die sonde geen houvas of greep of mag het nie. Dit geld vir almal wat in Hom is. *Die mag van die sonde is dus vir die gelowige gebreek*. Wanneer die Here Jesus en ook hierdie waarheid in die gelowige heers, dan is die mag van die sonde ook in diegelowige gebreek. Bring hierdie waarheid voortdurend in gedagte. Hou dit in gedagte. Gebruik hierdie wapen teen elke vorm van sonde.

Die Christen word dus nou opgeroep om die weg in te gaan wat Christus vir hom oopgemaak het; om die moontlikheid te aanvaar wat Jesus daar gestel het. Die Christen word op grond van die moontlikheid van die oorwinning oor sonde opgeroep om te oorwin.

Van watter soort lewe verlos die Verlossing in Christus 'n mens (1 Pet 4:2-3)?

Daardie verlossing stel hom in staat tot 'n bepaalde soort lewe. Wat is die lewe (1 Pet 4:2)?

Wat leer vers 4 ons oor die reaksie van andere wanneer 'n mens se oortuigings oor en jou aanvoeling vir dinge, en jou lewenswyse verander het?

Die reaksie van die ongelowige kan die Christen laat afsien van sy toewyding om God se wil te doen. Wat leer vers 5 oor die nutteloosheid en die gevaar van 'n lewe waarin God se wil nie gesoek word nie?

Vers 6 leer dat die die doel van die Evangelieprediking is om mense te bring om "na die gees te lewe soos God lewe" al moet hulle die liggaamlike dood sterf as gevolg van die sondeval. Die "wat nou dood is" waarvan hier gepraat word, is diegene wat met die skryf van die brief reeds dood was maar met die Evangelie verkondiging nog gelewe het en toe gelowig geword het. Watter ander waarheid word in vers 7 genoem wat die gelowiges moet aanspoor tot 'n heilige lewenswandel?

Op watter manier moedig die wederkoms en 'n wederkomsverwagting 'n Christen aan tot 'n heilige lewenswandel?

Vers 7 beklemtoon die plek van gebed in 'n mens se heiligmaking en leer dat 'n mens reg en suiwer van denke en voorstellinge sonder enige wanvoorstellings moet wees en dat 'n mens se verstand sonder enige beneweling deur drank of hartstogte moet wees sodat 'n mens kan bid. Watter invloed het 'n mens se gebedslewe op jou heiligmaking?

**Glo jy dat oorwinning oor sonde vir jou 'n moontlikheid is?**

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

**DIE CHRISTEN IN SY VERHOUDING TOT SY MEDEGELOWIGE**

**1 Petrus 4:8-11**

Die heiliging van die Christen se lewe moet ook blyk uit sy verhouding tot sy medegelowiges. In die gedeelte word daar 3 kenmerke van die onderlinge verhouding genoem. Wat is die kenmerke:

| | |
|---|---|
| 1 Petrus 4:8 | |
| 1 Petrus 4:9 | |
| 1 Petrus 4:10 | |

Die Christen moet versigtig wees dat sy deel van die Evangelie en sy diens aan ander nie uit vleeslike motiewe of op ‘n vleeslike manier geskied nie, anders doen dit net skade. Ook dit moet geheilig wees en daarom moet hy in die eerste plek onthou hoe hy die genadegawes verkry het.

Wat sê vers 10 oor die volgende:

| | |
|---|---|
| Hoe hy die genadegawes verkry het? | |
| In wie se belang hy dit ontvang het? | |

Wat sê vers 11 oor:

| | |
|---|---|
| Die gawe om te preek? | |
| Die uiteindelike doel van ‘n mens se onderlinge getuienis en diens? | |

**Het jy n besondere gesindheid teenoor en verhouding met jou medegelowiges?**

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

**OORWINNING OOR VERVOLGING**

**1 Petrus 4:12-19**

‘n Ander saak wat die duiwel gebruik om ‘n Christen se heilige lewenswandel te verwoes en hom te dwing om sonde te doen, is vervolging. Vervolging ter wille van ‘n mense se Christenskap en ter wille van ‘n mens se gehoorsaamheid aan Sy wil, kan ‘n Christen so maklik moedeloos maak en laat toegee vir die sonde. Hy is egter geroep om ook te midde van vervolging voort te gaan met ‘n heilige lewenswandel.

Daar is ‘n paar dinge wat hy moet doen en nie moet doen nie waneer hy vervolg word. Wat sê die volgende verse moet sy houding wees oor vervolging:

| | |
|---|---|
| Vers 12 | |
| Vers 13 | |
| Vers 14 | |
| Vers 16(a) | |
| Vers 16(b) | |
| Vers 19 | |

Vers 19 wys ook daarop dat wanneer die duiwel die Christen deur vervolging tot sonde wil laat verlei, moet hy sorg dra dat hy juis deur die teendeel reageer. Hoe moet hy reageer?

| |
|---|
| |

Hierdie dinge sal vir die Christen moontlik wees al word hy vervolg as hy net die volgende waarhede besef en onthou en daaruit leef:

| | |
|---|---|
| Vers 12 – die waarde van vervolging: | |
| Vers 13(a) – so kry die Christen deel aan? | |
| Vers 13(b) – en ook deel aan? | |
| Vers 13( c)- wat sal hy by die wederkoms ervaar? | |

Vers 13 leer m.a.w. dat die Christen wat onder vervolging en lyding kom, hom kan en moet verbly in die besef van die groot blydskap wat op hom wag. Vervolging en

belediging ter wille van Christus is hoegenaamd geen rede tot droefheid nie, maar is inteendeel iets om oor gelukkig te wees.  Waarvan verseker dit die Christen?

| | |
|---|---|
| Vers 14 | |

As 'n Christen ter wille van Christus vervolg word, word God verheerlik.

Vers 17 leer dat lyding ter wille van Christus dien tot suiwering van die huis van God. Waarvan kan diegene wat die lyding ter wille van Christus ontvlug deur te leef in goddeloosheid en ongehoorsaamheid verseker wees?

| | |
|---|---|
| Vers 17(b) en 18 | |

Die Christen kan te midde van die lyding die heiligmaking volbring, want hy weet ook hierdie lyding is volgens die wil van God (vers 19a).   Wat verder  maak dit vir die Christen moontlik om te  midde van die lyding ook getrou te bly aan die wil van God?

| | |
|---|---|
| Vers 19(b) | |

Op watter manier moet die Christen vandag vervolging ter wille van Christus en die gehoorsaamheid aan Sy wil verduur?

| |
|---|
| |

**Is jy bly as jy ter wille van die Here Jesus spot of verleentheid moet verduur?**

| |
|---|
| |

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

| |
|---|
| |

## TOESIG OOR DIE HEILIGMAKING

**1 Petrus 5:1-6**

‘n Heilige lewenswandel is in die oë van die Here so ‘n belangrike saak dat Hy dit nie maar net aan die verantwoordelikheidsbesef of die geestelikheid of die willekeur van die Christen oorlaat nie. Nee, Hy stel mense aan om daaroor toesig te hou dat mense groei en volhard in die heiligmaking en dat hulle daarmee erns maak. Hierdie *toesighouers* word *ouderlinge* of *herders* genoem. Voordat ‘n ouderling sy ampswerk op die regte manier kan doen, moet hy eers ‘n regte besef hê van hoe God oor die gemeente en elke afsonderlike Christen dink en voel.

Wat leer verse 2 en 3 ons van hoe die Here oor die gemeente dink?

| | |
|---|---|
| Vers 2 | |
| Vers 3 | |

As die ouderlinge wil toesien dat die gemeente Volhard in die heiligmaking, dan moet hulle self ook hulle toesigwerk of ampswerk met heiligheid doen. Watter vereistes word aan die ouderling gestel vir die regte en vrugbare uitoefening van sy werk?

| | |
|---|---|
| Vers 1(b) | |
| Vers 1(c) | |
| Vers 2(b) | |
| Vers 2(c) | |
| Vers 3 | |

Watter belofte word in vers 4 aan die ouderlinge gemaak om hulle te bemoedig om hulle ampswerk getrou te doen?

| | |
|---|---|
| Vers 4 | |

Die verhouding van die gemeente en van die afsonderlike gemeentelede teenoor die ouderling moet ook geheilig wees, anders kan die ouderlinge ook nie hulle ampswerk met vrug uitvoer nie.

Watter vermanings word in vers 5(a) & 5(b) gegee?

| | |
|---|---|
| Vers 5(a) | |

| | |
|---|---|
| Vers 5(b) | |

Wat is die ernstige sonde waarteen vers 5c en vers 6 waarsku wat die geestelike lewe in ‘n gemeente en in ‘n individu se lewe verhinder?

| | |
|---|---|
| Vers 5(c ) & 6 | |

Watter belofte word in hierdie verse aan nederigheid verbind?

| |
|---|
| |

Hoe kom hoogmoed enersyds en nederigheid andersyds in ‘n mense se lewe tot openbaring?

| |
|---|
| |

Die Bybel leer ons dat God self toesig hou oor die heiligmaking van elke Christen. Die Bybel leer ons ook dat God mense verantwoordelik gemaak het vir die heiligmaking van elke Christen. Die ouderlinge moet toesig oor die gemeente hou; die Christene moet oor mekaar toesig hou en elke Christen moet ook nog oor homself toesig hou.

**Kan jy as ouderling sê: Volg my voorbeeld?**

| |
|---|
| |

**Vermaan jy as Christen ooit jou medegelowige?**

| |
|---|
| |

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

| |
|---|
| |

**TYDELIKE NOOD EN GEESTELIKE NOOD**

**1 Petrus 5:7-9**

Op grond waarvan kan die Christen God met al sy bekommernisse vertrou (vers 7)?

| |
|---|
| |

Vers 7 leer ons ook verder dat die mens met al sy tydelike en geestelike *behoeftes* uit die hand van die Here moet en kan lewe, omdat daarvoor voorsiening gemaak word.

Vers 8 en 9 bring ons by die vyand van die Christen en sy heilige lewenswandel, nl. die duiwel. Hy probeer om deur allerhande sonde en 'n onheilige lewe die geestelike en heilige lewe van die Christen te verwoes en dood te wurg.

Wat sê vers 8 oor die aard en intensiteit van hierdie aanslag deur die duiwel?

| |
|---|
| |

Om te oorwin teen hierdie aanslag van die duiwel op 'n Christen se geestelike lewe is daar ten minste die volgende 5 dinge wat verstaan, onthou en gedoen moet word volgens verse 8 en 9. Lys die dinge:

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |

**Kry jy dit al reg om jou bekommernisse aan God oor te laat?**

| |
|---|
| |

**Watter gebed wil jy vandag bid?**

| |
|---|
| |

## UIT HOM, DEUR HOM EN TOT HOM IS ALLE DINGE!

### 1 Petrus 5:10-14

Dit is God self wat die gemeente en elke Christen roep tot hierdie heerlike heilige lewe. Dit is Hy alleen wat 'n mens kan bring tot hierdie heilige lewe. Vers 10 leer dat dit die rede is dat ons in afhanklikheid tot Hom moet bid vir hierdie heerlike, heilige lewe.

Vir die ontvangs van so 'n lewe en ook elke vorm daarvan, moet Hy en Hy alleen daarvoor erken en gedank word. Trouens, die heilige lewenswandel van 'n Christen dien juis daartoe om God te verheerlik (sien vers 11).

Die sekretaris wat Petrus gebruik het, het ook 'n getuienis van 'n heilige lewenswandel (sien vers 12).

Daar is ook getuienis van baie andere wat geroep is om in hierdie wêreld van sonde 'n lewe van heiligheid te lewe en wat dit ook doen (sien vers 13).

Die gemeente as geheel en ook elke Christen afsonderlik kan in die roeping en stryd tot 'n heilige lewenswandel verseker wees van die vrede van God.